Wes-Kaapse Regering
BETER TESAME.

Persvrystelling

Plaaswerkers kry erkenning by Wes-Kaapse Regering op Vredendal

Datum: 28 Oktober 2011

Van Rensburg het ongeveer 800 plaaswerkers toegespreek wat deelgeneem het aan die Landbouweekblad Expo by vanjaar se Namaquafees op Vredendal.

Van Rensburg het werkers aangemoedig om hul vaardighede te verbeter om sodoende op hoogte te bly met nuwe tegnologie in die landbousektor. "Daar is ook `n blink toekoms vir julle kinders in landbou, maar dan moet hulle hard werk op skool en ook probeer om na skool verder te studeer". Van Rensburg het gesê dat daar in die toekoms loopbaangeleentede in die landbou gaan wees waarvoor daar vandag nog nie bestaan nie.

Van Rensburg het ook die geleentheid gebruik om plaaswerkers aan te moedig om aan die Provinsiale Plaaswerker Kompetisie deel te neem. "Hierdie kompetisie gee erkenning aan die top plaaswerkers in ons Provinsie, en die algehele wenners word deel van die Prestige Plaaswerker Forum, wat op gereelde grondslag direk met my vergader oor plaaswerker aangeleenthede."

Hierdie is die enigste Forum van sy soort in die land waar plaaswerker verteenwoordigers die geleentheid het om direk met die Minister te praat. Vanjaar se Plaaswerker van die Jaar word op 18 November in die Grand West aangewys.

Kontak: Wouter Kriel, 021 483 4700, 079 694 3085, wouterkriel@gmail.com